CROSSROADS
PRISON MINISTRIES
SOUTH AFRICA

# Nuusbrief
Julie 2022

## Die aard en vrug van die bediening

5 Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit
onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit
God, 6 wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars
van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van
die gees; want die letter maak dood, maar die gees
maak lewend.

*II Korinthiërs 3:5-6*

Watter voorreg is dit nie om God te dien en Sy evangelie uit te dra nie! Wie kan daardeur onaangeraak bly? Dit kom nie uit onsself nie, dus leer en groei jyself ook geweldig deur die pad met elke student te stap.

## 'N BESOEK AAN BAVIAANSPOORT

Dis Saterdag….yskoud…natgereën vars….
Ons sit amper styf teen mekaar op `n harde bankie en wag om deursoek te word. Almal "een" in ons afwagting vir die onbekende binne… `n paar al meermale hier gewees, maar verder is ons maar almal vreemd in hierdie geboutjie. Na `n halfuur se soek-en-vind-geselsies is ons amper vriende, weer eens saamgebind deur die mense binnekant…
Dis die voorstoep van een van ons stad se gevangenisse.
Dis besoektyd, herken-tyd, ontmoet-tyd.
Die gevangenis-amptenare deursoek sorgvuldig elke item in elke pakkie wat binnetoe geneem gaan word; die helfte moet terug kar toe, mag nie ingaan nie: geen glas botteltjie aanrol-deodorant nie, geen hand gebreide mussies nie, geen koekies nie (hulle snoepwinkel moet ook `n bestaan kan maak!).
Uiteindelik word die eerste vyf geroep, ons mag deurgaan na die gevangenis toe. Half bibberend van koue gemeng met `n bietjie spanning of senuwees, giggel ons onder mekaar in verdere soeke na "ken" en geken wees.
Opvallend is die skoon netjiese terrein, oud maar versorg. Veral die pragtige groentetuine is `n fees vir die oog en, soos ons later sal hoor, is die gevangenis selfversorgend in al hul groente behoeftes bewonderenswaardig!
By maksimum afdeling word elke item in ons (nou al skraler) sakkie opgeskryf en platgedruk en uitgestoot en deurvoel. Alles te midde van vriendelik geselsende tegemoetkomende wagte. Al gou is dit my beurt om deur die weer eens baie netjiese tuine te stap na die grootse maksimum gevangenis-gebou: natuurlik hoog omhein, natuurlik streng bewaak, maar vriendelik in aansig en ontvangs. Papierwerk op papierwerk later mag ek in `n kamer instap waar verskeie mense reeds gemaklik met mekaar kuier oor `n paar tafels. Die oranje pakke staan helder uit, die gesigte wissel van gehard na innemend tot glimlaggend tot eindeloos moeg tot hartseer-verskrik tot afwesig ver… Gesprekke oor en weer, "my" gevangene word begeleid ingebring, ons ontmoet mekaar en mag vir die volgende halfuur ononderbroke gesels.
Die lewe vir hierdie ongeveer 550 inwoners begin om 05:00 as die ligte aangeskakel word na die nag (of die fluitjie geblaas word te midde van 'loadshedding'… !). Opstaan en was, aantrek en die sel netjies maak, Bybel lees en bid, gereed maak vir die dag. Om 08:00 is dit ontbyt, almal saam, deels voorberei deur medegevangenes wat reeds goedgekeur is om in die kombuis te mag werk.
Die oggend verloop werksaam: óf in eie studie, óf op `n bepaalde gebied op die terrein. Middagete volg om 13:00, waarna die toegelate gevangenes in die groot "courtyard" met mekaar mag sosialiseer, volgens eie behoefte. Volgens my gespreksgenoot vind jy hier gou uit wie is vriend en wie is vyand en voeg jy jou na eie keuse by wie jy wil. Aandete vroeg-vroeg al om 16:30 en daarna gaan almal na hul selle vir die aand en nag. Daar is blykbaar wel `n televisie, maar nie almal mag noodwendig daarna kyk nie.
Na afloop van `n goeie kennismakingsgesprek volg ons weer dieselfde roete terug na die hek, deursoek, afgemerk, weer deursoek en vriendelik gegroet.
Op pad diep onder die indruk van die voorreg van vrye beweging, met keuses en aksies, teenoor die ontdekte lewe agter tralies… Ja, sekerlik verdiend en onafwendbaar, maar tog dankbaar "oop" vir aanpas en verander en nuut leef… Dankie Here, dat U oral teenwoordig is!

*(Op versoek anoniem geplaas)*

**Hier volg 'n bietjie statistiek oor Baviaanspoort:**

Baviaanspoort Korrektiewe dienste sentrum bestaan uit verskeie onderafdelings. Daar is 'n Medium en Maksimum afdeling in aparte geboue. Baviaaanspoort het ook 'n jeug afdeling waar minderjariges geakkommodeer word.
Ons het tans 35 studente in Baviaans Medium en so 80 studente in Baviaans Maksimum afdeling. Daar is dus altesaam 115 studente wat die CPM kursus volg! Dit is ook die eerste tronk waar Crossroads met die Bybelstudie kursusse begin het!




Die Crossroads Span

## *Wil u dalk 'n bydrae maak?*

Ons het gereeld skryfbehoeftes, papier, Bybels en so meer nodig. Indien u enige iets aan ons wil skenk, kan u ons gerus kontak en reelings tref. U kan ook 'n finansiële bydrae maak om sodoende te help om van die kostes te dra. Gebruik die snapscan ikoon hiervoor, alternatiewelik verskyn ons bankbesonderhede ook hierby. Ons bedank ook graag almal wat reeds 'n bydrae aan CPM maak!

Bank details vir CPM: FNB Cheque rek 62819516066 Tak: 250655